G.P.-S.33655—1974-75—6 000 (P)

SACT DP 1A

Breytenbach

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Tel. No. ~~XXXXXXX~~ 471150 x 33

Volgno. P77/1/31

Direktoraat van Publikasies
Privaatsak 9069
Kaapstad
8000

S/S J C Engelbrecht

Suid-Afrikaanse Polisie

Privaatsak 9060

KAAPSTAD
8000

Geagte —

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES
PRIVAATSAK X9069
KAAPSTAD
1977 -2- 24
PRIVATE BAG X9069
CAPE TOWN
DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

WET OP PUBLIKASIES, 1974

PUBLIKASIE OF VOORWERP

AANSOEK OM 'N *BESLISSING/~~HERSIENING~~

Met verwysing na u aansoek van 28 Desember 1976 moet ek u meedeel dat die publikasie of voorwerp—

Naam en/of beskrywing n Seisoen in die Paradys

Skrywer of voortbringer B B Lasarus

Uitgewer Perskor-Uitgewery, Johannesburg

deur u komitee bedoel in artikel 4 (1) van die Wet op Publikasies, 1974 ondersoek is en dat die komitee beslis het dat die publikasie of voorwerp—

*nie ongewens is nie;

~~*binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is~~

OPMERKINGS:

Die uwe

S. F. DU TOIT

Direkteur van Publikasies

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

G.P.-S.44576—1975-76—500

DP 1

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Volg No. P77/1/31
(Vir amptelike gebruik)

WET OP PUBLIKASIES, 1974

PUBLIKASIE OF VOORWERP

AANSOEK OM 'N *BESLISSING/HERSIENING

Direkteur van Publikasies, Privaatsak 9069, Kaapstad, 8000.

Ek lê hierby aan u voor die publikasie of voorwerp wat hieronder beskryf word en—

*wat hierby saamgaan;

*wat aan u deur.....

.....

vir ondersoek en 'n beslissing of die publikasie of voorwerp na die oordeel van 'n komitee bedoel in artikel 4 (1) van die Wet op Publikasies, 1974 ongewens is al dan nie.

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES
PRIVAATSAK X9069
KAAPSTAD
1976 -12- 28
PRIVATE BAG X9069
CAPE TOWN
DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

.....
Aansoeker

Datum

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

A. AANSOEKER

1. Naam	2. Telefoon No.
J.C. Engelbrecht.	
3. Beroep	**4. Aard van besigheid**
Speurder Seisant	
5. Woon- of besigheidsadres	**6. Posadres**
	S.A.P. Psak 9060, Kaapstad.

B. PUBLIKASIE OF VOORWERP

7. Naam en/of beskrywing	8. Onderwerp
'n Seisoen in die Paradys	

9. Skrywer of voortbringer	10. Uitgewer en sy adres	11. Jaar en No. van uitgawe
B.B. Thesaurus	Perskor — Uitgewery, Johannesburg	ISBN 0 628 01070 2 1976.

12. Indien dit nie doenlik is om die publikasie of voorwerp voor te lê nie (bv. in die geval van 'n standbeeld), meld dan hieronder die *plek* waar die publikasie of voorwerp deur 'n komitee ondersoek kan word.

C. VORIGE BESLISSING (vul in slegs in die geval van 'n aansoek om *hersiening*)

13. Bogenoemde publikasie of voorwerp is by 'n vorige geleentheid—

*kragtens die Wet op Publikasies, 1974 deur 'n komitee ongewens bevind;

*kragtens die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 deur die Raad van Beheer oor Publikasies ongewens bevind;

*kragtens artikel 113 (3) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 deur die Raad van Beheer oor Publikasies onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik bevind.

Opmerking: Indien bekend, vermeld hieronder die nommer en datum van die *Staatskoerant* waarin die beslissing hierbo bekend gemaak is.

.....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

D. BEDRAG INGESLUIT R.....

Opmerking:

(a) Die bedrag betaalbaar is

	Ten opsigte van 'n aansoek om 'n	
	beslissing	hersiening
	R	R
(i) in die geval van 'n tekening, prent, illustrasie, skildery, houtsnee of dergelike voorstelling, afdruk, foto, gravure of litografie, figuur, afgietsel, snywerk, standbeeld of model.....	1,00	5,00
(ii) in die geval van 'n ander publikasie of voorwerp, bv. 'n boek, tydskrif, ens.....	5,00	25,00

(b) In die geval van 'n aansoek om 'n *beslissing* is die bedrae slegs betaalbaar indien die aansoeker die voortbringer of verspreider van die publikasie of voorwerp is.

(c) In die geval van 'n aansoek om 'n *hersiening* is die bedrae deur elke aansoeker betaalbaar.

E. VIR AMPTELIKE GEBRUIK

14. Verwys na—	Paraaf
.....	
voorsitter van komitee op.....	

15. VERSLAG DEUR VOORSITTER VAN KOMITEE

Die Komitee het die publikasie of voorwerp ondersoek en soos volg bevind: Die Komitee verwys vir sy vertroetse motivering pertinent na die leesvoetsing (Hanhangsel A). Probleme wat aandag geniet het, was die taal - wat hier 'n daar stront is maar nie in oortuigende of opsetlike mate nie; Staatsveiligheidsoorwegings — vgl. bv. die opname van die "Blik van buite-lesing" wat Breytenbach destyds voor die Sommerhof van die Universiteit Kaapstad gehou het, in lesing wat destyds volledig in die dagblad — en verder Sondagpers gepubliseer en gekskaterd is. Dit kan nge: die Komitee, wat o.a. lede van die Veiligheidskomitee insluit, op hierdie stadium geen kwaad meer vermag nie.

Igsan Appel

07.02.18

DIREKTEUR VAN PUBLIKASIES
DIRECTOR OF PUBLICATIONS

16. BESLISSING

Die komitee beslis dat die publikasie of voorwerp—

*nie ongewens is nie;

*binne die bedoeling van artikel 47 (2) van die Wet op Publikasies, 1974 ongewens is.

Voorsitter van Komitee

18.2.77

Datum

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

	Paraaf
17. Die aansoeker ~~en *die Kontroleur van Doeane en Aksyns, Kaapstad~~ is op 1977-2-24 op vorm DP 1A van die beslissing van die komitee verwittig	
18. Daar is soos volg oor die publikasie of voorwerp beskik— Terug aan Leuder	
19. Die beslissing van die komitee is in *Staatskoerant* ..... van .....by Goewermentskennisgewing ..... van ..... in lys .....bekend gemaak.	

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

DP 1E

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Volg No. P 7/1/31

WET OP PUBLIKASIES, 1974
PUBLIKASIE OF VOORWERP
*LESER/DESKUNDIGE SE VERSLAG

1. Naam en/of beskrywing van publikasie	2. Naam van leser of deskundige
'n Seisoen in die Paradys.	Prof. H v d M. Scholtz.

3. Kort weergawe van die inhoud:

Nal aangehegte verslag

4. Gedeeltes wat moontlik as ongewens beskou kan word: moet bladsygewys aangedui word.

L.W.

(i) Art. 47(2)(a): Bladsye .....

(ii) Art. 47(2)(b): Bladsye Nal aangehegte

(iii) Art. 47(2)(c): Bladsye verslag

(iv) Art. 47(2)(d): Bladsye .....

(v) Art. 47(2)(e): Bladsye .....

(vi) Art. 47(2)(f): Bladsye .....

5. Ek beveel aan dat die publikasie -

*nie ongewens is nie;

*ongewens is binne die bedoeling van artikel 47(2) .....
van die wet op Publikasies, 1974, om die volgende redes:

Motivering verskil in aangehegte vorm.

.....

.....

.....

Aanhangsel A.

B.B.LASARUS (BREYTEN BREYTENBACH): 'N SEISOEN IN DIE PARADYS. P 77/1/31

"Na 'n 'ballingskap' van 13 jaar kon Breyten Breytenbach in 1973 vir 90 dae sy vaderland besoek, vergesel van sy vrou, Yolande. Seisoen in die Paradys is die verslag, rekenskap, dagboek, verhaal van daardie reis." Aldus die stofomslag. Maar die boek is, soos die teks op die stofomslag dan ook voortgaan om te beweer, veel meer as net 'n verslag van die reis. Of liewer: die reis word aanleiding tot veel meer: dit word 'n konfrontasie met die eie verlede, met die land en totale opset, ook politiek. 'n "Hoogtepunt" word dan ook gevorm deur "'n Blik van buite", die lesing wat hy destyds by die somerskool oor die "sestigers" gelewer het aan die Universiteit van Kaapstad. Daar is 'n verslag van gesprekke met mense uit alle lae van die maatskappy, met 'n bruin politikus soos Sonny Leon (sonder dat daar trouens veel oor die inhoud van die gesprekke vermeld word.) Die geheel is deurspek met gedigte, met bespiegelinge (veral in die dialoog met "Panus" (131 vlg.) oor die literatuur ens.). Dikwels knap en geestig, met ook dowwe kolle, maar oor die geheel - gegewe die hele fenomeen Breytenbach - insiggewend en interessant.

Die boek bied m.i. geen buitensporige probleme nie. Wat moontlike implikasies vir die staatsveiligheid of die betrekkinge tussen die verskillende bevolkingsdele aanbetref, kan verwys word na 103, 128, 134, 136, 144, 157, 162, 212-213, na "'n Blik van buite" in sy geheel (bl. 119 vlg.). (Vgl. ook nog 5^3)

Wat laasgenoemde betref: hierdie lesing het destyds die pers en die groot publiek bereik, was toe nog bowendien sensasioneel opgevryf en aangedik, en is dus vir al die burgers van die publiek ou nuus. Bowendien word dit vandag gelees in die totaal gewysigde omstandighede wat sedertdien ingetree het, ten minste in soverre dit die situasie van Breyten aanbetref. Ek glo nie dat dit enige sin het om nou hierteen kapsie te maak nie: dit is hoogs openbare geskiedenis.

Ook die ander passasies lyk my, bv. in vergelyking met dié wat in Skryt voorgekom het, maar mak en nie van so 'n aard dat dit in terme van die Wet aanstoot gee nie. Die kwaaiste passasies is waarskynlik te vinde in veral een strofe van die gedig Sommer, met name in die vierde strofe daarvan. Iemand wat nie goed lees nie, kan miskien aanstoot neem aan die laaste versreëls: "hy wat gemoor het, Heregod! / hy wat hom god gehou het, Heregod! / wit godjie, Heregod! pispotgod, Heregod! / Heregod, Hotnosgod, waar is die teiken?" Die "pispotgod" is hier natuurlik nie God wat aangespreek word nie, maar die blanke wat homself tot 'n god gemaak het, 'n ou tema by Breytenbach; en die Hotnosgod is natuurlik wel Heregod, maar hier wil die digter gewoon sê dat dit ook die God van die Hotnots is. Sodat hier wel sprake kan wees van onsmaaklikheid, maar nie van godslastering nie.

Daar is, hoegenaamd nie frekwent nie - in die boek as 'n geheel is dit werklik verwaarloosbaar - die gebruik van die alledaagse en platter omgangswoord vir urineer en vir ontlasting. Maar, om maar by die kwaaiste voorbeeld 'n oomblik te vertoef, die woord kak word by hom nie gebruik om na die spesifieke bedrywigheid te verwys nie, maar in 'n ernstige beredenering oor die funksie van die Afrikaanssprekende skrywer in Suid-Afrika in ons tyd, 'n gesprek (met Panus) wat volg net na die weergawe van die "Blik na buite"-lesing. Eintlik (p. 136) enkel maar die sin: "Tussen hakies sou ek kon sê dat ons dit te veel het oor kuns as kak en nog nie genoeg oor kak as kuns en kunsvorm nie." Hierdie uitspraak is deel van 'n hele "estetiek", van 'n credo. Die bundel Kouevuur het nie verniet as een van sy motto's 'n uitspraak van Marx nie: "In die geskiedenis, sŏos in die natuur, is ontbinding die laboratorium van alle lewe." Trouens, in hierdie bundel, en ook in sy ander werk, is daar 'n beheptheid met aftakeling, ontbinding, verval, met brommers, kakkerlakke, kouevuur. En êrens hou dit in laaste instansie essensieel verband met Breytenbach se opvatting dat alle skryfwerk in die eerste plek 'n verset is teen dood en ontbinding. Maar in elk geval: die konteks waarin die woord hier gebruik word, is nie van so 'n aard dat dit onsmaaklike of aanstootlike newe-effekte het nie.

Daar is natuurlik aanmerkings in die gedig, woordspelings ("vuiligheidspolisie") e.d.m. wat die blanke en veral die Afrikaanssprekende allesbehalwe vlei; dit is natuurlik nie aangenaam om te moet aanhoor dat die N.G. Kerk in Suid-Afrika niks het om oor trots te voel nie (151); of om te lees van "wildtuine vir die land se diere / tuislande vir mak mense", van "'n inboorling 'n binnelandse banneling" of die ontstellende "my land my land o bloederige anus / en die liefde soos 'n harde lyf in my lyf" nie (167-168). Maar hier is geen grond vir verbanning nie. Bowendien, baie van die dinge wat Breytenbach ontstel, is inderdaad vir tienduisende ontstellende en daar is talle en daaronder ook Afrikaanse en nasionale politici en ander funksionarisse wat die weg na 'n ander bedeling soek. En 'n mens hoef geen versetsman te wees om die "Kaap na Rio"-wedvaart se wegspring duskant Robbeneiland as 'n skrynende kontras te sien nie.

Ten slotte : ek glo nie dat die gewone "sensasie"-leser, wat destyds heelwat van Seisoen in die Paradys in Rapport kon bykom, gaan hierdie boek verder as 'n paar bladsye lees nie: daarvoor is die tekstuur te dig en taai. Volgens my kan die boek sonder bohaai toegelaat word om sy gang onder sy waarskynlik kundige en beperkte leserspubliek te gaan - waarmee ek my natuurlik nie op die oorlede "waarskynlike leserspubliek" beroep nie. Dit sou in elk geval nie nodig gewees het om dit as deurslaggewende argument aan te voer nie.

20.1.77